# DIE FINALE TOETS
# DIE ASSIMILASIE VAN BILEAM MET DIE KONINKRYK VAN DIE ANTIMESSIAS

Daar was 'n Finale Toets vir Israel vir die tydperk vanaf Sinai tot net voordat hulle die Woestyn van die Vlaktes van Moab kon verlaat. So is daar ook 'n Finale Toets **vir ons** wat in Messias JaHUsha is, voordat ons die "Woestyn" van die Volke kan verlaat, waarin ons verban was en waar JaHUaH met ons pleit.

Dis die Toets van Assimilasie … wat lei tot kompromie … wat lei tot 'n "Mengsel". Dit is die Taktiek van ons Vyand.

<u>Die verhaal van Bileam uit die Torah</u>



Balak (wat beteken "Destroyer/Waster of the People") het Bileam versoek om Israel **in die "Kamp"** te kom vervloek … maar JaHUaH het dit nie toegelaat nie.

Nà 40 jaar in die Woestyn het Israel laer opgeslaan op die vlaktes van Moab, heeltemal onbewus van wat aangegaan het op die "Hoë plekke" bokant hulle.

Hulle was op die punt om die Beloofde Land in te trek, maar die Vyand het nog een Finale Toets of Strik vir hulle gehad. Die finale raad van Bileam was om "Israel" sover te kry dat hulle sou assimileer met diegene rondom hulle. Moab het bestaan uit die nageslag van Lot en as familie was Israel verbied om hulle dood te maak (Deut. 2:9).

Balak, die koning van Moab, het egter gevrees dat Israel sy Koninkryk sou verwoes en hy het met die Midianiete saam gesweer, daarom het hy Bileam gehuur om Israel te vervloek.

Uiteindelik het Bileam vir Balak geadviseer om die Israelitiese seuns en dogters uit te lok om met die seuns en dogters van Moab te vermeng. Op diè manier hoef Bileam nie die vloek wat Balak versoek het, uit te spreek nie, maar hy het gesorg dat Israel hulleself onder 'n vloek sou laat beland het volgens Deut. 7. Israel het geval vir daardie lokaas.

Ons sien in Num. 25 dat Israel met die dogters van Moab gehoereer het.

Daar word glad nie na Bileam verwys in Num. 25 nie, maar Num. 31:16 lig ons in dat die “sonde of oortreding van die Torah” by Peor was as gevolg van die raad van Bileam.

Bileam kon Israel nie vervloek nie, maar het uiteindelik geadviseer dat om Israel te laat val, hulle uitgelok moet word om met die mense buitekant die “Kamp van die Verlostes” te “Sosialiseer”. Hulle moes uitgelok word om saam met hulle te “aanbid”, te eet, te drink en **saam pret te hê**. Dit is Geestelike Afvalligheid.

**DAAR IS ‘N PAAR VERSE IN OPENBARING WAT OP ONS BETREKKING HET, WAT ONS BEDAG MAAK AANGAANDE HIERDIE PROBLEEM**

<u>Die Nikolaïetiese assosiasie met Bileam</u>

> Open. 2:14 – 15 Maar ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van **Bileam wat Balak** geleer het om ‘n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.
> So het jy ook mense wat vashou aan die **leer van die Nikolaïete** wat Ek haat.

(Beide het in ons Byeenkomste ingekom soos wat dit begin groei het.)

> Open. 2:6 Maar dit het jy, dat jy die **werke van die Nikolaïete haat**, wat Ek ook haat.

> Open. 2:15 So het jy ook mense wat vashou aan die **leer van die Nikolaïete wat Ek haat**.

Vanuit hierdie twee verwysings, kan ons sien dat JaHUsha die “dade” en die “doktrines” (leringe) van die Nikolaïete gehaat het.

Die woord ‘Nikolaïete’ kom vanaf twee Griekse woorde: *“nike”* en “*laios”.*

- *“Nike”* beteken “om te oorwin, te onderwerp, te oorkom”.
- *“Nikos”* is ‘n ekwivalent van “*nike”* en is vertaal as “oorwinning”.

- *“Laos”* verwys na ‘n klomp mense, die gewone mense.

Saamgevoeg word hierdie twee terme vertaal as:

> “**oorwinnaar** [of onderwerper] **van die gewone mense**.”

Bileam se naam is ‘n kombinasie van twee woorde uit Hebreeus: *“beli”* en “*ha’am”*.

- *“Beli”* beteken “oorwinnaar” en
- *“ha’am”* beteken “die mense”.

Saam beteken dit ...

> “**Oorwinnaar van die mense**.”

Bileam se naam word dus **dieselfde vertaal** as ‘n Nikolaïet.  Hulle sal veroorsaak **dat “Israel” afvallig raak**.

Dit is die weg van Nimrod (Gen. 10 en 1 Kron. 1:10 … dis om suksesvol te wees wat Mag en Outoriteit betref).

<u>Toepassing van hierdie Torah vandag</u>

Die doktrine van Bileam wat vanaf die “Onkruid” kom wat tussen ons ingesaai is, veroorsaak dat die “Israel van Elohiem” van vandag, geestelike hoerery pleeg deur saam met die Onkruid te gaan om sodoende ‘n verontreinigde Godsdienstige “Mengsel” te word … wat verhoed dat daar Geestelike Binding of Eenheid is (Eseg. 34 en Joh. 10 verduidelik).

‘n Karaktertrek van die Nikolaïtiese gees is die begeerte om mense se Denke te “beheer”.  Sommige bring baie subtiel “dwaallering” in (Gal. 5:20 en 1 Kor. 11:17 – 19), terwyl ander teer op mense om hulle te beheer deur die konsep van “Leier” of “Dienskneg-Leier”.

Moses, die “Dienskneg”, was gekonfronteer deur 250 “leiers” van die gemeenskap, tesame met hulle “Groep se volgelinge”, wat ‘n groter rol wou speel in **die beheer van sake**.  Lees gerus die verhaal en pas dan die Torah toe en kyk wat JaHUaH se reaksie was (Num. 16 – 17).

‘n Ander Torah beginsel wat mens van bewus moet wees hier en wat moet toegepas word, is wanneer die “Mens” ‘n vergadering bymekaar roep (selfs in die Naam van JaHUaH) …

> Num. 16:19  En Korag het die hele vergadering teen hulle bymekaar laat kom by die ingang van die tent van samekoms…

Wees baie versigtig, neem ook in ag al die “gepraat, besprekings en murmereringe” wat gelei het tot hierdie debakel.

Mense kerm en kla  …  en dan verrys daar “Leiers”.

Dit manifesteer as ‘n Isebelgees wat mense uitlok of forseer om hulle te volg deur ‘n “boelie-mentaliteit” of deur die gees van Delila wat infiltreer en mense subtiel beïnvloed, wat lei tot verdeeldheid en afskeiding wat deur die gees van Atalia die Vyand se familiêre vervalste drievoudige koord (van Pred. 4:12) afrond. Dit bring **Geestelike Dood** in die vergadering.  Ons het hierdie doodgewone taktiek van die Vyand waargeneem onder diegene waar daar baie min onderskeiding of Eenheid in die Gees was en dus nie in staat was om die vernietiging te kon afweer nie.

Hulle fokus op die ingeboude behoefte vir “gemeenskap” en “broederskap” en plaas hulleself dan in posisies van Mag en Beheer om mense te beïnvloed, terwyl hulle opereer deur die “Vleeslike Denke” en wêreldse tegnieke toepas om groepskonsensus te verkry soos wat hulle dit verstaan.  Hulle gebruik tegnieke soos:

> “Julle sal ook skakels kry by die soortgelyke webwerwe”.

Op sulke webwerwe word die misleidende leringe dan herhaal. Dis ‘n gewone en aanvaarde **metode** om ‘n Groepie of Vergadering te bedryf. Hierdie “Leiers” netwerk en kommunikeer dan tussen hulleself waarvan die mense nie bewus is nie.

Nikolaïete is hulle wat daarna streef om hulleself bo die gewone mens of die leek te verhef en hulle noem hulleself dan “Leiers” om ‘n idee te skep van **superioriteit** en **die aanvaarde outoriteit**. Maar die Liggaam is veronderstel om as ‘n “plat” struktuur te opereer waar elkeen ‘n “Gawe” kan laat uitblom, of kan laat manifesteer en kan dan so erkenning en aanvaarding kry om orde en rigting te gee aan die Byeenkoms.

Die term “Shoftim” (wat vertaal word as Ouderling, Herder of Opsiener), verwys na een en dieselfde persoon.

“Ouderling” het te doen met ***wie*** hulle is. Herder, het te doen met ***wat*** hulle doen. Opsiener, het te doen met ***hoe*** hulle dit doen.

Shoftim/**Ouderlinge**, **waak** oor en tree op as **Herders** van die Kudde van Elohiem, daar waar die Afgesonderde Gees hulle **Opsieners** gemaak het.

Groot Wysheid en sensitiwiteit word benodig om die **subtiele agenda** van die “Onkruid” te onderskei. Dit opereer tussen ons wat die “Koring” is en beïnvloed ons byeenkomste deur tweedrag en divisie te veroorsaak.

> “… moet julle wat **geestelik** is, so een reghelp …” *(Gal. 6:1).*

Ons moet kan onderskei tussen hulle wat “ware gawes” het, teenoor vleeslike mense wat “tegnieke” vanuit die Wêreld aangeleer het.

Die “gees” van Bileam wil nog steeds hê dat daar assimilasie moet wees in die vorm van ‘n **godsdienstige** “mengsel”, deur “**populêre**” mense en doktrines te inkorporeer. Dit kom uit die **godsdienstige leringe** wat geleer word vanaf beide kante van die Godsdiens-spektrum, naamlik Judaïsme/Talmudisme en die Christendom wat albei **buite** “Skriftuurlike Israel” is en ook **buite** die **Soewereine Boodskap** van die Skrif is.

Die Internet, Dvd’s ens. het ons bron van informasie geword … en ongelukkig ook ons “Leraar” in stede van die Afgesonderde Gees.

Daar is nog meer aspekte met betrekking tot hierdie Nikolaïtiese probleem van beheer en intimidasie wat die Liggaam affekteer, soos bv. ...

- om ‘n geestelike stelsel te ontwikkel wat versmorend is
- om die “Gawes” wat aan die Gemeenskap van Gelowiges gegee is, te verwerp of te onderdruk
- om ‘n beheer te skep wat dan uitloop op ‘n Nimrodtipe-afhanklikheid van andere (deur te vertrou op wat ander vir jou dink of besluit)
- om ‘n finansiële verpligting daar te stel … *[Tiende was vir “Torah van Moses” se Levitiese sisteem (Deut. 14:22 – 29) … en om ‘n fees te kon hou daar waar JaHUaH Sy NAAM geplaas het. Dit is nie om sulke Godsdienstige Organisasies te ondersteun nie. Vandag, onder die Orde van Melgisèdek, in Messias JaHUsha, gaan dit oor “vrywillige gee en ontvang.”]*

Hierdie "misleidende geeste" en "**doktrines van duiwels**" kom van die **geestelike "Hoë Plekke"**.
Dit kom van Owerhede en Magte wat dit regkry om deur die "Mens" te opereer.

" … keer jou van hierdie mense af …" *(2 Tim. 3:5).*

Die **binding van "godsdiens"** (wat die meeste mense nie opmerk nie), is **vir ons** die **vervloeking deur die Vyand**.

Dit is omdat dit hulle dit nie besef nie, dat mense hulleself wil identifiseer met Individue en Groepe en so vorm hulle dan **hulle eie** "Godsdienstige Geloofsisteem" wat ook uitgeleef word met 'n **uiterlike voorkoms**, om te kan identifiseer met die groep waar hulle hulle by skaar.

Hulle wil dan **nie die waarheid hoor nie**, omdat dit hulle sal afskei van hulle "troetelgeloof'" se sisteem. So gaan hulle dan voort om stilweg en koppig op hulle eie weg voort te gaan. Die "Groep se denke" en mentaliteit word dan weereens versterk en dit bevestig vir hulle dat hulle gekose siening die **regte weg** is. Hulle regverdig hulle "siening" met hulle "Vleeslike Denke" volgens wat vir hulle rasioneel logies lyk … maar **geestelik** <u>onderskei hulle nie</u> die waarheid nie.

Die Vyand het alreeds die wêreldse mense. Hy het die "New Age" se mense en hy het mense in die mensgemaakte Godsdienstige Sisteme.

Nou fabriseer hy net nog 'n ander "geur" wat mense sal laat dink dat dit die waarheid is. In ons geval is dit klein bietjies van die Godsdienstige Sisteme waaruit ons kom … sonder dat dit ooit met Skrif in konteks bevestig is … en so neem hy mense gevange in die "geur" van hulle eie klein gekose Godsdienstige Klub.

Mense ruil bloot die een Godsdienstige Sisteem waaruit hulle gekom het om en vervang dit met 'n ander mensgemaakte een wat hulle van meer hou.

JaHUaH sal nie toelaat dat 'n vloek op Sy mense **wat in die "Kamp" is** geplaas word nie, maar dit kom wel op diegene wat weg beweeg vanaf daardie veilige plek as hulle uit nuuskierigheid wil gaan "sien" wat ander doen en dan assimileer hulle uiteindelik met die Godsdienstige Sisteme rondom hulle.

Dina (Gen. 34:1), Balak en Bileam is ons Finale Toets.

As mense net so ver gekry word om te wil "sien" … dan volg assimilasie byna outomaties … en dit is die vyand se doelwit in ons lewens.

Elke dag is daar meer en meer Individue en Groepe wat versoek dat daar by hulle "aangesluit" moet word, sodat hulle daardie mense in hulle "franchises" en Godsdienstige "Brand" kan insluit. Hulle sal jou naam op hulle adreslys wil plaas om sodoende jou Denke te kan beïnvloed en hulle sal hulle idees en produkte aan jou wil verkoop.

## <u>Godsdienstige Simbole</u>

Dat mense begeer om 'n fisiese Hulpmiddel te wil hê om mee te aanbid om sodoende die Geestelike Verhouding te versterk, is niks nuuts nie. Dit is 'n ou siening van die mens.

Beelde wat in die verlede uit iets gemaak is deur die godsdienstige mense van ouds, saam met die regverdiging vir hulle gebruik, het geen plek vir diegene wat in Messias JaHUsha is nie.

Sommige sal aanhaal: "Werk jou eie heil uit …" en dan word hulle dissipels van ander mense. Daar is egter 'n subtiele onderskeiding … maak die Afgesonderde Gees jou Leraar en wanneer mens dan die WOORD van JaHUaH bestudeer, sal dit 'n Lamp vir jou wees om jou pad mee te verlig (Ps. 119:105).

Ons is tans in die Woestyn, op die vlaktes van Moab, waar ons ons instruksies vir ons lewens kry. Moses het ons uit Egipte gebring en sommige van ons het 40 jaar gespandeer om Mitzraim uit ons uit te kry, maar nou is daar hierdie **finale toets** voor ons, naamlik om te wil gaan "sien" en dan te assimileer.

Daar is net een veilige plek en dit is <u>in</u> die "**Kamp van die Verlostes**".

Die "Torah" van Moses" en die Tanach is vir ons voorbeelde. Daar was eers die "Fisiese" sodat ons kan leer hoe om die **geestelike** reg te kan toepas, wanneer ons gereed is om die geestelike Jordaan oor te steek saam met Messias JaHUsha.

Mag ons "Geestelike Denke" luister na die Afgesonderde Gees soos wat ons deur Hom gelei word (Romeine 8).

> Heb. 3:1 – 6 Daarom, afgesonderde broeders, deelgenote van die hemelse roeping, let op die Apostel en die Hoëpriester van ons belydenis, Messias JaHUsha, wat getrou was aan Hom wat Hom aangestel het, net soos Moses ook **in Sy hele huis**.
> Want Hy is **meer heerlikheid waardig geag as Moses**, namate **Hy wat die huis gebou het**, meer eer het as die huis; want elke huis word deur iemand gebou, maar Hy wat alle dinge gebou het, **is Elohiem**.
> En Moses was wel getrou in Sy hele huis as 'n **dienaar**, om te getuig van wat nog gespreek sou word, maar Messias **as Seun** oor Sy huis. En **ons is Sy huis** as ons net die vrymoedigheid en die roem van die hoop **tot die einde toe** onwrikbaar vashou.

0-0-0-0-0-0

AndriYaH
2010

*Vertaal deur AndriYaH*
*2016*